

## **Sing vooraf staande: Psalm 36:2, 3 (p. 179)**

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,  
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.  
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!  
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewige son / wat afstraal in ons oë.  
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:  
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwel!  
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 145:1, 2, 12 (p. 696)**

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

## **Psalm 86:3, 6 (p. 432)**

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;  
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.  
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!  
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek sreek.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

## **Skrifbelyning 9-1:5, 11 (26:5, 11)**

- 5 Misbruik die Naam van God die HEER nie, / en bly altyd jou eed getrou,  
want hulle wat sy Naam nie eer nie, / sal God geensins onskuldig hou.
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewende, / genade is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

**Skriflesing:** Eksodus 2:23-3:22; Heidelbergse Kategismus, Sondag 36

**Kernvers:** Eksodus 3:14; 20:7

**En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur.** (Eksodus 3:14 AFR53)

**Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.** (Eksodus 20:7 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroop (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).

(a) Lev 24:15, 16. (b) Lev 19:12. (c) Matt 5:37; Jak 5:12. (d) Lev 5:1; Spr 29:24. (e) Jer 4:2; Jes 45:23. (f) Matt 10:32; Rom 10:9-10. (g) Ps 50:15; 1 Tim 2:8. (h) Kol 3:17; Rom 2:24; 1 Tim 6:1.

### Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).

(a) Spr 29:24; Lev 5:1. (b) Lev 24:16.

### Tema: Hoe heilig is die Naam van die Here nog vir ons?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer ons name aan ons kinders gee, is ons nie meer so daarop gesteld soos wat die mense in die Ou-Testamentiese tyd was nie. Sommige ouers gee graag familie name aan hulle kinders. Ander ouers gee weer 'n naam wat vir hulle mooi klink. Dit gaan vir die mense van vandag nie meer regtig oor wat die naam beteken nie. Ja, daar is mense wat daarin belangstel om te weet wat hulle name beteken en wat die oorsprong van hulle name is, maar die oorgrote meerderheid mense is nie regtig daarop ingestel nie. Dit is miskien nog net in byname wat ons vir mense gee waarin daar iets van die mens gesê word.

In die Ou-Testamentiese tyd veral het ouers hulle kinders name gegee wat iets van die kind se geaardheid of van die omstandighede tydens die geboorte vertel. Ons sien dit raak wanneer Jakob se vrouens name aan hulle seuns gee. Telkens wanneer 'n seun 'n naam gekry het, staan daar 'n rede geskryf hoekom die seun juis daardie naam gekry het. In die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel verskyn in voetnote die herkoms van die seuns se name.

Dit is egter nie net mense wat so name aan hulle kinders gegee het nie. Ons hoor ook dat die Here so name aan mense gee, veral wanneer Hy 'n mens se naam verander. Hy het Abram se naam verander na Abraham. Abram beteken iets soos *vader is groot* of *belangrik*. Abraham beteken *vader van menigte*. So het die Here ook Jakob se naam verander na Israel. As die engel Gabriël aan Maria aankondig dat sy swanger sal word deur die kragtige werk van die Heilige Gees, dan gee hy ook op bevel van God die Naam van haar seun. Hy moet Jesus genoem word en in die droom van Josef maak die Here bekend hoekom Hy juis hierdie Naam moet kry,

**want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.** (Matteus 1:21 AFR53)

Broers, susters en kinders, wanneer die Heilige Gees vir ons skryf aangaande die Naam van God, hoor ons dat sy Naam nie maar net 'n woord is soos wat ons mense se name soms net 'n woord is nie. Kom ons luister wat die Here self aangaande sy Naam aan Moses geopenbaar het. Daarna kom ons terug na wat ons aangaande die derde gebod bely.

Moses was uit die stam Levi en hy is in Egipte gebore tydens daardie droewige tyd in die geskiedenis van Israel. Hy is gebore toe die farao van Egipte beveel het dat elke pas-

gebore seuntjie in die Nyl gegooi moes word om te sterf. Die Here het egter oor Moses 'n besluit geneem nog voordat die wêreld geskep is. Moses is deur die Here gekies om sy volk uit Egipte lei. Daarom het die Here vir Moses so beskerm dat hy selfs in die paleis van die farao grootgeword het.

Toe Moses veertig jaar oud was, het hy 'n Egiptiese slawedrywer doodgemaak omdat hy een van die Israeliete geslaan het. As gevolg van hierdie misdaad moes Moses vlug. Dit is hoe hy in Midian gekom het. Hier waar ons in Eksodus 3 gelees het, was Moses al veertig jaar lank woonagtig in Midian. Hy het sy skoonpa Jetro se kleinvee opgepas. Deur Moses met die kleinvee te laat trek agter goeie weiding aan, het die Here vir Moses na die berg Horeb gebring. Daar verskyn die Engel van die Here in 'n brandende doringbos aan Moses. Die Engel van die Here is niemand anders nie as die Seun van God wat hier aan Moses verskyn het, want in vers 4 word hierdie Engel van die Here self *Here* en *God* genoem.

Die Engel van die Here het toe aan Moses die opdrag gegee waarvoor God hom gekies het:

**Gaan dan nou heen, dat Ek jou na Farao kan stuur; en lei my volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit.** (Eksodus 3:10 AFR53)

Nadat die Here Moses verseker het dat Hy saam met hom gaan en die teken bekend gemaak het dat Hy vir Moses gestuur het, vra Moses aan die Here:

**Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? —wat moet ek hulle antwoord?** (Eksodus 3:13 AFR53)

Luister hoe antwoord die Here vir Moses:

**EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur. Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.** (Eksodus 3;14, 15 AFR53)

As iemand nou vir ons moet vra wat beteken die Naam HERE dan sal ons moet antwoord: Sy Naam beteken EK IS. In Hebreeus word die Naam HERE (wat in die 1953-vertaling in hoofletters geskryf is) as Jahwe geskryf en uitgespreek. Miskien frons jy ook oor hierdie betekenis en vra jouself af: Maar wat beteken dit dan?

Om te verstaan wat die betekenis van die Naam van die Here vir ons sê, moet ons teruggaan na die einde van Eksodus 2. Daar het ons gelees:

**En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken.** (Eksodus 2:23-25 AFR53)

As die Here aan iets dink, onthou Hy nie maar net nie. Toe die Here aan sy verbond gedink het, het Hy nie maar net onthou dat Hy lank gelede 'n verbond met Abraham gesluit het nie. Die Here se dink gaan oor in daad. Hy doen iets. En in hierdie geval doen Hy iets aan die ellende waarin sy volk verkeer. Hy bring sy besluit aangaande Moses en die verlossing van Israel in beweging. Die Naam *EK IS* beteken dan: EK IS aktief by my volk

teenwoordig om hulle te verlos en die belofte aan Abraham waar te maak. Die Naam *HERE* sê dus vir ons Wie en Wat die Here vir sy volk is. Hy is die God wat getrou bly aan sy beloftes en Hy maak sy beloftes waar.

Die Naam *HERE* sê dus dat God bly by sy Woord. Dit geld nie net vir sy beloftes van seën en genade nie maar ook vir sy dreiging van straf. As die Here dan in sy derde gebod sê dat Hy die mens wat sy Naam ydellik gebruik nie ongestraf sal laat bly nie, bedoel Hy dit. Hy is immers altyd aktief teenwoordig om al sy woorde waar te maak.

Baie eeue na Moses hoor ons Jesus in sy gebed die volgende woorde sê:

**Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het.**  
(Johannes 17:6 AFR53)

In sy woorde en werke het Jesus Christus die Naam van die Here aan ons geopenbaar. Hy het die betekenis van die Here se Naam op die aarde kom leef en vertel sodat ons daarvan oortuig kan wees dat die Here werklik aktief teenwoordig is by sy volk. Die Here is inderdaad aktief teenwoordig om sy kerk te red en te bewaar. Jesus het immers die mense wat God aan Hom gegee het kom verlos uit die slawerny van die sonde en die Satan. Dit is dus in Jesus se lewe hier op aarde dat ons regtig leer verstaan Wie en Wat die Here vir sy kerk wil wees. Hy wil mense van die ewige dood red. Hy wil aan mense die ewige lewe gee. Hy wil mense hulle sondes vergewe. Hy wil die sonde tot niet maak, daarom het Hy sy Seun die straf op die sonde aan die kruis laat dra. Hierdie offer wat Jesus aan die kruis gebring het, is voldoende vir die sondes van die hele wêreld. Daarom hoef niemand nog iets te doen om verlos te word nie behalwe om in Jesus Christus te glo.

Ons kom dus agter dat die Naam van die Here alles wat Hy is en doen kernagtig saamvat. Wie die Naam van die Here op sy lippe neem, moet dus weet van Wie hy praat of met Wie hy praat. Die Here is immers die almagtige, ewige God. Hy is die Skepper, Onderhouer en Verlosser van sy ganse skepping. Hy spreek net 'n woord en dit gebeur. Hy betoon onuitspreklike liefde en genade. Hy regeer oor alles, want Hy is as die ewige God altyd aktief teenwoordig in sy hele skepping omdat Hy lief is vir wat Hy geskep het.

Wanneer die Here ons dan in die derde gebod leer om nie sy Naam ydellik te gebruik nie, sê Hy dat ons sy Naam nie as 'n vloekwoord mag gebruik nie. In hoevele rolprente en televisieprogramme en storieboeke en selfs in die daaglikse gesprekke van mense word die Naam van die Here uitgeroep wanneer die mens skrik of kwaad is. Indien die Naam van God vir ons heilig is, behoort ons te sidder. Die Here het nie grappies gemaak toe Hy gesê het dat Hy so 'n mens nie ongestraf sal laat bly nie. Nou nog sal hy miskien niks oorkom nie. Maar as so 'n mens hom nie gaan bekeer en die Here om vergifnis smeek nie, sal hy eendag voor die heilige God moet staan en verantwoording doen oor hoekom hy God se Naam vir 'n vloek- en 'n skelwoord gebruik het. Dit sluit ook in elke vervorming van Jesus en God se Name.

Oor die sweer van 'n eed gaan ons in Sondag 37 meer detail hoor. Nou net kortliks die volgende: Wanneer 'n mens 'n eed aflê of sweer, roep jy die Here in om getuie te wees dat jy die waarheid praat. Indien 'n mens 'n valse eed aflê, dit wil sê jy lieg onder eed, wil jy die Here medepligtig maak aan jou leuen. Die Here maak Homself immers as die God van waarheid bekend.

Selfs wanneer 'n mens die Bybel gebruik, of eerder misbruik, is 'n mens besig om die Naam van die Here te laster. Wie 'n teks uit die Bybel buite verband gebruik om sy verkeerde saak te staaf of om 'n onbybelse standpunt te regverdig, laster Hy die Naam van

die Here. In die Nuwe Testament kry ons nogal heelwat met sulke mense te doen. Die hele brief aan die Galasiërs is geskryf om die verkeerde siening van die valse Joodse gelowiges te ontbloot. Hierdie valse gelowiges het die gemeentes in Galasië gaan vertel dat Jesus se offer aan die kruis nie genoeg is om gered te word nie. As 'n mens regtig gered wil wees, moet hy ook nog die wet onderhou en, in besonder, besny word. Dus moet die mens iets by Jesus se verlossingswerk doen om gered te word. Vir Paulus was hierdie lastering van God en Jesus so 'n ernstige saak dat hy nie geskroom het om die vloek en oordeel van die Here op sulke mense af te roep nie. Hierdie valse gelowiges maak met hulle valse leer asof die Here halwe werk doen en asof Hy te swak is om mense heeltemal van die sonde te verlos.

Natuurlik kan 'n mens die Here se Naam ook groot skade aandoen sonder dat 'n mens 'n woord gesê het. Waar ons as gelowiges ook al beweeg, dra ons die Naam van Christus met ons saam, want ons is Christene. As 'n Christen dan liefdeloos optree teenoor enigiemand anders, maak daardie Christen 'n verbintenis tussen sy optrede en die Here Jesus self. Ons glo immers dat die Gees in ons aan die werk is en Hy vernuwe ons na die beeld van Christus. Leer ons Jesus in die Bybel ken as iemand wat liefdeloos is? Nee, beslis nie. Ons leer Hom wel ken as iemand wat sagmoedig en regverdig is, maar nooit liefdeloos nie. Laat ons daarom bedag wees op hoe ons optree teenoor ander mense sodat ons nie die Naam van ons Here Jesus in gedrang bring nie. Al weet die ander mens nie dat jy 'n Christen is nie, jy weet en die Here weet dit.

Die afgelope tyd het ons gehoor van die organisasie wat hulle daarvoor beywer om skole te verhinder om die Christelike geloof uit te leef. Die organisasie wil selfs die skole hof toe sleep hieroor. Oënskynlik is hierdie organisasie se oogmerk hiermee dat mense van ander gelowe nie te na gekom word nie. Dit is wat hulle sê, maar inderwaarheid is dit 'n poging om te sê dat die Here niks oor die skole iets te sê het nie. Die skool moet neutraal wees. Ons glo egter dat die hele skepping aan die Here behoort. Ook die skool staan onder die heerskappy van God. Daarom moet sy Naam en sy eer ook daar uitgeleef en verkondig word. Ja, daar gaan nie gepreek word nie. Maar wanneer die geleentheid hom voordoen moet daar vir die kinders aangetoon word hoe die Here sy seggenskap laat geld in alles in die skepping. Hy is immers die enigste God.

Oor hierdie organisasie wat hulle daarvoor beywer dat die Christelike geloof nie meer in skole beoefen mag word nie, is ons hewig ontsteld. Maar wat daarvan as ek en jy stilbly wanneer iemand anders die Naam van die Here laster deur te vloek. Indien ek as Christen stilbly, sê dit aan die een kant dat ek die mens se optrede goedkeur. Aan die ander kant, is ek miskien van die oortuiging dat dit nie gaan help om met die mens te praat nie. Wanneer my stilte die boodskap oordra dat ek die lastering van God se Naam goedkeur, is ek net so skuldig aan die lastering van die Here se Naam. Indien ek meen dat dit nie gaan help om met hom te praat nie, het ek mos vir die Here besluit dat die Here niks in hierdie mens se lewe kan verander nie. Leer ons die Here ken as die God vir wie dit onmoontlik is om iemand se hart te verander?

Dink net watter groot oneer ons die Here aandoen wanneer ons van oordeel is dat die Here nie iets kan doen nie. Wanneer ek in nood verkeer of bekommernis vreet my op, maar ek dink die Here my nie wil help nie of ek bid en twyfel dat Hy my sal help, dan sê ek eintlik: HERE, u Naam is nie waar nie. U noem uself HERE (die God wat aktief teenwoordig is en red), maar ek glo dit nie. Met sulke ongeloof en twyfel laster ek die Naam van die Here, want ek glo iets van Hom wat nie die waarheid is nie.

Ons bely egter nie net wat ons nie mag doen nie. Ons bely ook dat ons die Here reg moet bely, aanroep en in al ons woorde en werke moet prys. In plaas daarvan om die Here se

Naam te misbruik moet ons dit reg gebruik. Met ontsag en ware liefde moet ons die Naam van die Here gebruik. Wanneer ons dan bely – bely beteken om agter die Here aan te praat – moet ons vir ander mense van die Here vertel soos wat Hy Homself in sy Woord aan ons openbaar. Die wêreld moet hoor dat ons God barmhartig en genadig is. Hy is nie die wrede God wat sommige mense meen Hy is as hulle hoor van sy regverdigheid nie. Maar hulle moet ook nie dink Hy is iemand wat maar goedig die sonde van die mens as stoutigheid sal oorsien nie. Hy oordeel regverdig oor die sonde waarvan die mens hom nie wil bekeer nie.

In gebed moet ons die Here reg aanroep. Hy wil hê dat ons Hom sal dank vir alles wat ons ontvang en dat ons alles wat ons nodig het by Hom sal vra. En al ons woorde en werke moet daarvan getuig dat ons Hom as die heilige God erken en dien. As ons bid, doen ons dit met ons volle aandag op die Here gerig. Wanneer ons Psalms sing, doen ons dit voluit en nie half-half en traag nie, want Hy is die heilige God. Hy moet geprys word deur ons.

Miskien het jy ook nou saam met my agtergekom waar ons die Here se heilige Naam nie geëer het soos dit hoort nie. Miskien het jy ook stilgebly toe jy moes praat of oneerbiedig van die Here gepraat toe jy eerder moes stilbly of Hom geprys het. En ons besef dat die Here niemand ongestraf sal laat bly nie. Hy sal ook hierdie dreiging van Hom waar maak. Wat nou?

Ons is skuldig ten opsigte van die derde gebod, maar ons het ook gehoor dat God sy eie Skuldtraer vir ons gegee het. Jesus Christus is ook vir hierdie oortredinge van ons deurbor en verbrysel. Dit was oor die lastering van God dat die Joodse raad Jesus veroordeel het toe Hy gesê het dat Hy die Christus, die Seun van God is. Omdat Hy die waarheid gepraat en geleef het, het Hy ook in ons plek hierdie skuld van ons gedra.

Laat ons daarom ons skuld ten opsigte van die derde gebod voor die Here bely. En smeeek Hom dat die Heilige Gees vir jou en my so sal lei dat ons daadwerklik ag sal gee op die heilige Naam van die Here.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 141:1, 2, 3 (p. 683)

- 1 As daar vir my geen hulp of raad is, / roep ek, o HEER, hoor my gebed!  
Ag, haas U tot my hulp, en red / voordat dit hier met my te laat is.
- 2 Laat soos die geur van wierookbrande / my bee wees voor u aangesig;  
soos offerspys, saans toegerig, my biddend opgehewe hande.
- 3 Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie! / Rys smaadtaal uit die hart se grond –  
ag, wil dit wegweer van my mond, / dat ek u Naam nooit mag onteer nie!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**